Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 14 Maart 1951 Prys 3d. No. 15

# Monde Gesnoer As Volk Eenheid Soek In Party

**„As gevolg van die partypolitiek is die monde van die provinsiale raadslede gesnoer; as getroue partyvolgers kan die publiek ook nie beswaar aanteken nie, want dan sal gesê word: „Julle steek jul Administrasie in die rug of julle is ontroue Nasionaliste." En intussen doen die Administrasie net wat hy wil. Is dit billik? Is dit billik teenoor hul volgelinge — Nasionaliste — om van so 'n posisie misbruik te maak?"**

**Hierdie klag word deur iemand wat homself noem „Ontevrede Nasionalis", Lindley, geuiter in Die Volksblad van 2 Maart.**

**Die brief is veral belangwekkend omdat dit die dilemma van die partypolitiek so kinderlik beklemtoon: 'n Opposisie word gesoek omdat kritiek nodig is; 'n sterk opposisie maak 'n swak regering en dan volg beroepe op groter eenheid; word daardie eenheid binne 'n party bereik, dan is daar geen kritiek meer nie en doen die bewind net wat hy wil sonder dat iemand durf waag om sy mond oop te maak.**

**Die briefskrywer, wat voorheen seker een van diegene was wat meegedoen het aan oproepe om groter eenheid, kan nie wegkom van die Britse party-idee nie, maar soek nou, nadat sy strewe vir volslae party-eenheid verwesenlik het en misluk het, die oplossing in die herinstelling van 'n opposisie — dit wil sê in die teruggang na volksverdeeldheid.**

**Sy brief lui:**

„Daar is diegene wat beweer dat die partypolitiek 'n euwel is. Ek gaan nie daarmee akkoord nie. In die omstandighede waarin ons verkeer, is dit nodig dat daar partye sal wees.

**„Maar waar die partypolitiek wel 'n euwel is, is in die geval waar daar geen opposisie onder so 'n stelsel in die raad is nie.** As daar in die Provinsiale Raad 'n sterk opposisie gewees het, sou daardie vier lede van die padsending nie maklik gewaag het om op so 'n vakansietoertjie te gaan nie. Daardie storie dat hulle kastig swaarder padgereedskap gaan koop, wil by my maar nie inslaan nie.

„Was daar 'n sterk opposisie, dan het daardie on-Afrikaanse, ongevraagde aandrenne ook nooit die lig gesien nie. As daar nie so 'n swak opposisie in die Provinsiale Raad was nie, sou die Administrasie nie twee ewewydige teerpaaie van Bloemfontein na die goudveld bou nie. Hier in die Noordoostelike Vrystaat waar die meeste geproduseer word en die paaie die meeste gebruik word, is die paaie die slegste en teerpaaie nog iets van die verre toekoms.

**„As gevolg van die partypolitiek is die monde van die Provinsiale Raadslede gesnoer; as getroue partyvolgers kan die publiek ook nie beswaar aanteken nie, want dan sal gesê word: „Julle steek jul Administrasie in die rug of julle is ontroue Nasionaliste." En intussen doen die Administrasie net wat hy wil. Is dit billik? Is dit** billik teenoor hul volgelinge — Nasionaliste — om van so 'n posisie misbruik te maak?"

### DIE OPLOSSING

Ons hoofartikel op bladsy twee, wat na aanleiding van ander gebeurtenisse opgestel is, behandel ook hierdie swakheid van die partystelsel. Die brief is dus 'n ongevraagde bevestiging van ons stelling.

Die oplossing moet egter nie binne die euwel self gesoek word

(vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# PARTYPOLITIEK VERYDEL DIE NASIONALE STRYD

## O.B. Alleen Is Doeltreffend

**„Dit is slegs moontlik vir 'n politieke party in Suid-Afrika om nasionaal en republikeins te wees solank hy 'n opposisieparty is. Sodra die politieke party egter regeringsparty word, word hy die regering van Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse koninkryk en as sodanig die draer van die Britsisme — in teenstelling met die republikanisme in ons land." Aldus mnr. W. R. Laubscher, die Voorligtingsoffisier van die O.B., toe hy verlede Saterdagaand op die Vryheidsfees van die Montaguse kommando's gepraat het. Die fees is gehou op die plaas van mnr. Dawid Joubert (hoofkommandant). Spreker het gesê dat die partystelsel die oulikste artikel is wat die Britte nog na Suid-Afrika uitgevoer het. Solank die nasionale Afrikaners in opposisie is, kan hulle na hartelus anti-Britse en republikeinse stoom afblaas. Sodra hulle egter Sy Britse Majesteit se bewind in Suid-Afrika oorneem, dan moet die republikleinse stoomafblasery vanselfsprekend endkry.**

**Dit is dan wanneer die Engelse koerante met groot selfvoldaanheid vertel dat die „nuwe verantwoordelikheid" van die nasionale leier hom tot „gematigde insigte" dwing en hom laat vergeet die „wilde stories" wat hy in sy opposisiedae verkondig het. En dit is dan wanneer die Afrikaners teleurgesteld begin voel dat die nasionale en republiekeinse verwagtinge wat hulle in die dae van opposisieskap gekoester het nie verwesenlik word in die dae van bewindskap nie.**

Vir die afgelope veertig jaar moes die nasionale Afrikaner telkemale toesien hoedat hierdie proses van verydeling in sy vaderland keer op keer afgespeel word.

### HERTZOG STAP UIT

Met die stigting van die Unie in 1910 is die nasionale Afrikaners van die vier provinsies verenig in die Suid-Afrikaanse Party. Toe was die opposisie die Unionistiese Party. In 1912 het wyle genl. Hertzog in opstand gekom teen die verbritsing van die S. A. P. en het hy hom aan die spits van die nuwe Nasionale Party gestel.

Met verloop van tyd het die Nasionale Party sterk geword en het die S.A.P. saamgesmelt met die Unionistiese Party. En toe het die Nasionale Party aan bewind gekom. Na nege jaar het die proses hom volkome herhaal. Die Nasionale Party en die S.A.P. het saamgesmelt en dr. D. F. Malan het hom aan die hoof gestel van 'n Gesuiwerde Nasionale Party.

### NOGEENS VERBRITSING

Sedert 1948 is dieselfde proses al weer aan die gang. Sewe jaar nadat dr. Malan as opposisieleier in die parlement voorgestel het dat Suid-Afrika 'n republiek moet word „afgeskei van die Britse kroon en ryk," het hy as Eerste Minister in 1949 in die parlement verklaar dat Suid-Suid-Afrika „in enige omstandighede" in die Britse Statebond wil bly. In 1942 het dr. Malan gesê dat republiekwording „veronderstel die verbreking van die Britse konneksie." In 1949 het hy gesê dat indien S.A. ooit 'n republiek word, dan moet hy 'n Empire-republiek word, sodat die Britse konneksie behou kan word Hierdie proses van verbritsing het alreeds opnuut die aandag gevestig op 'n man in die regering — mnr. J. G. Strydom — wat hom op versigtige wyse teen die proses begin verset. **Genl. Botha het sy Hertzog gehad. Genl. Hertzog het sy Malan gehad. Sal dr. Malan sy Strydom kry? Ek weet nie. Sal daar uit die huidige regeringspartye weer 'n nuwe nasionale politieke party peul wat, op sy beurt, in die jare van sy opposisieskap, nasionale en republikeinse beginsels gaan bely? Ek laat dit daar.**

### REPUBLIKEINSE ERFENIS

Daar kan egter geen misverstand wees oor die taak en die plek van die Ossewabrandwag—die republikeinse volksbeweging—in die lewe van ons volk nie.

Die Ossewabrandwag het gekom om die stryd van ons vaders vir die republiek voort te sit. **Hoewel ons vandag in die Koninkryk van Suid-Afrika leef, het ons vanaand hier bymekaar gekom om die republikeinse erfenis van ons voorgeslagte opnuut in ontvangs te neem, om opnuut trou te sweer aan die republiek en om opnuut te onderneem om te stry vir die republiek — totdat die vryheid herwin is.**

Maar nie alleen veg die Ossewabrandwag vir die verbreking van die Britse konneksie en die verkryging van die republiek nie. **Die Ossewabrandwag veg ook vir die vernietiging van die Britse partystelsel wat die bekroning van ons nasionale stryd verydel. Met die stigting van die O.B. het die nasionale Afrikanerdom vir die eerste keer die Britse party-wapen as ondoeltreffend verwerp en begin om vir hom 'n wapen te smee waarmee uiteindelik nasionale selfverwesenliking bereik sal word. Aangesien dit steeds duidelik word dat die nasionale partypolitiek die volk nog 'n keer in die steek laat, word dit onmisverstaanbaar dat die voortbestaan van die O.B. nie alleen noodsaaklik is nie, maar ook dat gebeurtenisse die waarheid van die O.B. se leerstellings bevestig.**

### O.B. SAL MOET VEG

Dit is die O.B. se plig om te sorg vir die kontinuïteit van die stryd vir nasionlisme en republikanisme. Indien daar 'n nasionale politieke party mag bestaan of ontstaan wat gewillig is om vir hierdie beginsel te veg, sal die O.B. hom ten volle ondersteun. **Maar indien die stryd vir nasionalisme en republikanisme aan die partypolitieke front doodloop, sal die verdere plig op die O.B. gelê word om nie alleen te staan vir nasionalisme en republikanisme nie, maar om daadwerklik daarvoor te veg.**

### SAKE VAN DIE DAG

Mnr. Laubscher het gesê dat 'n baie belangrike taak, wat deur 'n proses van eliminasie op die O.B. afgewentel is, is om die republikeinse standpunt ten aansien van sake van die dag te stel. As die O.B. dit nie doen nie, is die republikeinse stem in S.A. stil. En dit mag nie wees nie. Spreker wil 'n paar aangeleenthede noem.

Daar is die kwessie van 'n naderende wêreldoorlog en S.A. se deelname daaraan. Regering en opposisie het reeds albei onvoorwaardelik in die Britse Statebond se oorlogswaentjie geklim, gereed om aangepak te word, sodra die Empire begin ry. Maar wat sê die republikleine daarvan?

Daar is vanselfsprekend die kwessies van republikanisme en statebondisme. Regering en opposisie praat uit een mond oor hierdie sake. Maar nie die republikeine nie.

**Daar is die noodsaaklikheid dat S.A. met 'n eie Afrika-beleid voor die dag sal kom as alternatief vir en in opposisie teen die noodlottige beleid wat Brittanje in Afrika volg. Die volk moet opgevoed word om sodanige alternatiewe beleid te eis; en as die regering en opposisie swyg en talm, dan moet die O.B. praat en aanpor.**

Daar is baie sake van die dag waaroor die republikeinse standpunt gestel en verkondig moet word. Ek wil egter volstaan deur te sê dat dit hoog tyd is dat die Afrikaner se standpunt ten aansien van die kapitalisme weer 'n keer duidelik gestel word en dat die geheul met die geldmag endkry. Dis tyd dat die kapitalisme se eis om ekonomiese integrasie van die naturel in die blanke huishouding geweier moet word en dat territoriale apartheid as praktiese beleid aanvaar moet word. Indien dit nie gebeur nie, is die kreet van apartheid wat die blanke beskawing moet red pure huigelary.

### MOET WEER INSPAN

**Ek weet, het mnr. Laubscher ten slotte gesê, dat lede van die O.B. in die jare wat verby is die offers moes bring wat die Afrikaner se stryd geverg het. Ek sou bly wees as ek vanaand vir u kan sê dat u nou maar kan uitspan omdat die Afrikaner se stryd gewen is. Ek mag dit egter nie doen nie. Daar lê nog baie stryd voor. Ek moet vir u vanaand vra om nog 'n keer in te span. Daar is baie werk vir die Ossewabrandwag en ek vra elke lid om sy of haar deel te doen.**

### OUDSTRYDER DOEN MEE

Mnr. A. J. de Jager (kommandant) het 'n verduideliking gegee van die stelsel van gesinsorganisasie en het 'n beroep gedoen op elke huisgesin om die gesinsvorm in te vul. Op die verhoog het ook plaasgeneem 'n oud-stryder, mnr. Schoeman, vader van mnr. W. H. Schoeman (veldkornet op Bonnievale). Mnr. Schoeman is 'n Kaapse Rebel wat saam met die A.K.G. (mnr. J. A. Smith) in die Tweede Vryheidsoorlog onder komdt. Scheepers geveg het.

Na afloop van sy toespraak

(vervolg op bladsy 6 kolom 2)

# BRANDVLEI SAMEL £123 IN OP VRYHEIDSDAG

Die Brandvlei Kommando het Amajubadag op Dinsdag, 27 Februarie, op Skansklip B, die plaas van die hoofgeneraal, mnr. W. P. Burger, gevier.

Die verrigtinge het reeds voor ontbyt 'n aanvang geneem met sang en gebed waarna die hoofkomdt., mnr. N. D. L. Burger, die aanwesiges welkom geheet en aangespoor het tot offerdade.

Die dag is deurgebring met jukskeigooi deur die mans terwyl die lede van die vrouekommando hulleself besig gehou het met flinke diens by die verversingstafels. By die tafels is dan ook 'n mooi bedraggie gein. Dit is aangevul deur die opveil van skaap en ander kleinighede.

**Die pragtige bedrag van £123 wat ingesamel is, getuig van die pragtige gees wat geheers het.** Selfs die twyfelagtigste brandwag, as daar die sulkes was het seker moed geskep om die stryd voort te sit.

Behalwe 'n paar lede van die kommando wat weens moeilike omstandighede verhinder is, was almal daar. Ons was ook baie bly om 'n paar lede van die Kenhardt Kommando by ons te hê vir die dag.



MNR. W. P. BURGER
(Hoofgeneraal)

Laat die namiddag is afgesluit met die sing van Die Stem.

—(Korr.)

DIE O.B., WOENSDAG, 14 MAART 1951

# BEDREIGING VAN PARTY-MONOPOLIE

In ons uitgawe van verlede week het daar 'n opsomming verskyn van die mening van 'n bekende politieke waarnemer in Brittanje oor die doodsheid aan die kant van die publiek en die onvermoë van openbare figure om onder die allesoorheersende sambreel van die politieke party na leierskap te styg of enige invloed op die landsbeleid uit te oefen. 'n Regering kan in die grootste skandaal of wanbestuur betrokke wees, en nouliks 'n stem van protes sal daarteen verneem word. **Die gevolg van hierdie partypolitieke monopolie is dat Brittanje in die aangesig van ongeëwenaarde gevaar waggel op die opeenstapeling van politieke flaters en korrupsie.**

**Die politieke party met sy magtige propagandamiddels aan die een, en sy tiranniserende dissipline aan die ander kant, het mettertyd ontwikkel tot een van die gevaarlikste monopolies wat die moderne tyd ken. Die partyleier, as aspirant-premier wat uiteindelik alle politieke possies uitdeel, het tot 'n potentaat ontwikkel wie se mag en invloed slegs deur sy teenhanger aan die hoof van die opponerende party beperk word.**

Teenspraak binne die party word nie geduld nie en omdat die strewe na bewindsmag alle ander oorwegings oorskadu, laat die mindere leiers en lede van die party hulle die tirannie van die partysweep welgeval. Sonder dissipline immers raak die party verdeel en word hy magteloos om sy doel van bewindsverowering te verwesenlik — 'n doel wat 'n ryke beloning inhou vir alle kopstukke, **wie se finansiële posisie in meeste gevalle geheel en al afhanklik is van hul politieke baantjies.**

**TWEE UITLATINGS**

**Dit is teen hierdie agtergrond dat die waarskuwings van dr. Malan op Stellenbosch teen groepvorming en die waarskuwing van die regerende partyleiers teen die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging verlede week gelees moet word. En omdat ons vandag in Brittanje die narkotiese gevolge van hierdie monopolie sien, is dit nodig om vroegtydig en aanhoudend teen hierdie neiging in ons land te waarsku.**

Ons weet nie teen wie dr. Malan sy waarskuwing op Stellenbosch gemik het nie, maar dit is klaarblyklik gerig teen die duidelike republikeinse verset binne die H.N.P. onder leiding van mnr. J. G. Strydom wat wejer om die Empire-republiek waarmee dr. Malan tans begeester is, te aanvaar. **Maar dit moet darem tog duidelik wees dat wanneer partylede nie meer die reg het om 'n eie mening oor so 'n belangrike saak soos die vryheid van hul land daarop na te hou nie sonder om hulle aan uitkettering en uitbanning — soos in die geval van O.B.-lede — bloot te stel, 'n volk in geestelike slawerny verval wat in sy resultaat nie verskil van enige ander diktatuur nie.**

Naas die mening-gelykmakende proses binne die party en sy gevolg, wat 'n deel van die volk geestelik ontman, is daar die ywer van die politieke party om soos 'n kloekende hen die vlerke grimmig uit te strek oor die hele terrein van die openbare lewe. **Niemand anders uit die volk mag 'n onafhanklike mening oor volksaangeleenthede uitspreek as net die politieke party nie. Raak die volk in verset teen die jarelange bal-bal-speiery met 'n volksideaal soos republikanisme en 'n organisasie vir die bevordering daarvan kom tot stand, dan is dit betreding van die politieke terrein, en die straf vir so 'n oortreding is nie net partysensuur of -banvloek nie, maar ook openbare uitwissing met behulp van pers- en skinderveldtogte van enige persoon of organisasie wat buite die party staan.** Dit is wat gebeur het met die Ossewabrandwag en sy leiers, en dit is wat nou dreig om te gebeur met die Beskermingsbeweging.

**VERKEERDE BEGINSEL**

Die leiers van die H.N.P. en die Afrikanerparty het 'n waarskuwing uitgespreek dat die Beskermingsbeweging, wat hom teen die infiltrasie en magskonsentrasie van Indiërs in Transvaal beywer, nou „op die politieke terrein" begin beweeg omdat die organisasie openbare vergaderings hou waarin aangedring word op segregasie van die Indiërs. Volgens die verklaring sou die organisasie 'n bepaalde gebied voor oë hê. Ons wil ons nie oor hierdie aspek van die saak uitspreek nie. Daaroor kan verskil van mening bestaan, en enigeen, ook die partyleiers, het sekerlik die reg om as hulle van dié beleid verskil, hulle daaroor uit te spreek. **Maar wat vir ons wel baie bedenklik is, is dat enige optrede van mense uit die volk deur die politieke partye beskou word as 'n betreding van hul terrein. Volksake is die terrein van die volk en die dag wanneer die volk nie meer die reg het om menings vanaf die openbare verhoog oor sy eie vraagstukke uit te spreek nie, maar hierdie reg alleen die beroepspolitici toekom wat vir hul bestaan en finansiële posisie dikwels van hul party-beleid afhanklik is, dan het ons volk in 'n staat van slawerny verval wat in geen opsig verskil van dié van die feudale staat of van Stalinistiese diktatuur nie, behalwe dat die strafmiddels vir „betreding van die politieke terrein" deur ongemagtigdes miskien 'n bietjie uitlopend van aard mag wees, hoewel nie minder doeltreffend en afskrikwekkend nie.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Grap van die Dag*

Ek lees in die Suid-Afrikaanse koerante dat 'n Londense blad 'n sensasie-berig gepubliseer het waarin vermeld is dat Suid-Afrika gedurende Maartmaand in 'n republiek omgeskep gaan word. Suid-Afrika-Huis in Londen is glo oorstroom met telefoonoproepe van Britse joernaliste wat navraag gedoen het oor die juistheid van die berig.

Soos my lesers weet is die berig heeltemal onjuis. Trouens die eerste minister, dr. D. F. Malan, het dit as die regering se beleid neergelê dat Suid-Afrika „in enige omstandighede" in die Britse Statebond sal bly. Ek het derhalwe geweet dat die inligtingsbeamptes in Suid-Afrika-Huis op die navrae sou moes antwoord dat die berig heeltemal onwaar is. Maar ek moet beken dat ek glad nie hou van die woorde wat die pasaangestelde inligtingsbeampte van Suid-Afrika gebruik het om te ontken dat Suid-Afrika 'n republiek gaan word nie. Hy het van die berig dat Suid-Afrika 'n republiek gaan word gesê: „Dis die grap van die dag." Vir my is die republiek nie 'n grap nie. En ek sou baie jammer wees as die inligtingsbeampte se woordkeuse die indruk by die Engelse publiek geskep het dat die H.N.P.-A.P.-regering die moontlikheid dat Suid-Afrika 'n republiek sal word as so vergesog beskou, dat daardie moontlikheid selfs as 'n grap bestempel moet word.

Daar is duisende Afrikaners in Suid-Afrika — selfs ondersteuners van die regering — vir wie die moontlikheid dat Suid-Afrika 'n republiek sal word nie 'n grap is nie, maar dodelike erns is.

### *Die Derde Soort Vyfde Kolonne*

Gedurende die tweede wêreldoorlog het die begrip „Vyfde Kolonne" in die propaganda van die „demokratiese" bondgenote verskyn as die etiket wat om die nekke gehang is van diegene buitekant Duitsland wat verdink is van vriendskap met Adolf Hitler se bewind. Mettertyd is daar gepraat van die Nazi Vyfde Kolonners. Nadat die oorlog verby was en die sogenaamde demokratiese bondgenootskap opgebreek is, is daar begin praat van die Kommunistiese Vyfde Kolonners. Nou verneem ek dat daar in die Verenigde State van Amerika 'n derde soort vyfde kolonne bestaan — die sogenaamde Misdaad-sindikate. Volgens die verslag van 'n komitee van die Amerikaanse Senaat wat ondersoek ingestel het na misdadigheid, is hierdie kolonnes nogal venynig en magtig. Die komitee beskryf hierdie Misdaad-Sindikate as die „tweede regering" van die Verenigde State wat 'n ondergrondse bewind voer.

Dit klink ongelooflik dat 'n amptelike Amerikaanse kommissie van ondersoek aan die wêreld vertel het dat misdaad in die V.S.A. reeds sodanig georganiseer en gekapitaliseer is dat rampokkerleiers 'n ondergrondse bewind in die land voer. Tog is dit so. Luister wat sê die komitee: „Hierdie geheime regering van misdadigers is 'n ernstige bedreiging wat, indien dit nie gestuit word nie, die grondslag van 'n beweging sal word wat die fondamente van hierdie land sal skud." Hierdie getuienis laat my onwillekeurig dink aan die bedrywighede van die voormalige bankrower, Josef Stalin, en sy genote, wat meer as dertig jaar gelede die fondamente van Tsaristiese Rusland tot op sy bodem toe geskud het. Ek hou my oortuig daarvan dat die hedendaagse Kommunistiese regerings van die wêreld baie meer gemeen het met Amerika se „ondergrondse" regering as met die land se wettige bogrondse regering. Dit is iets waaroor die Amerikaners gerus ernstig kan nadink.

### *„Beskermingsgeld"*

Die komitee vertel dat dobbelary die vernaamste bron van inkomste vir georganiseerde misdadigers in Amerika geword het. Hulle bereken die omset van die dobbelbedryf op £26,700 miljoen per jaar. 'n Tweede belangrike bron van inkomste is „beskermingsgeld." Miljoene dollars word jaarliks in die koffers van die misdadigers gestort deur diegene wat liewer betaal as om die onaangename „attensies" van die rampokkers te geniet.

Wetsgehoorsame en regskape mense sal ongetwyfeld wil weet hoe dit dan moontlik is vir misdadigers om op so 'n groot skaal en ongehinderd hulle onwettige bedrywighede te beoefen. Daarop verklaar die komitee dat sy mees skokkende openbaring die getuienis is van die mate van amptelike korrupsie en die vergemakliking en bevordering van georganiseerde misdadigheid. Die komitee verklaar dat hy oor informasie beskik dat hierdie dinge in alle regeringsliggame plaasvind — in die federale, die staatlike, sowel as die plaaslike besture.

Tereg beskryf die komitee hierdie getuienis as skokkend. Daar moet ongetwyfeld iets baie ernstig verkeerd wees met die instellings en beskouing wat geldend is in 'n land waar so 'n verskriklike toestand kan ontstaan en voortduur.

### *'n Eeu van Onreg*

Daar was verlede week 'n uitstalling van die persoonlike besittings van wyle genl. J. C. Smuts in die voorportaal van die Johannesburgse biblioteek. Die oorspronklike manuskripte van Eene Eeuw van Onrecht is daar ten toon gesprei. En hiermee is die twyfel wat vir meer as 'n halwe eeu oor die outeurskap van die boek bestaan het finaal uit die weg geruim. Dit ly geen twyfel dat wyle genl. Smuts die outeur was nie. Die boek is oorspronklik uitgegee as 'n amptelike stuk op gesag van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Dit was inderdaad een van die laaste, indien nie die allerlaaste „Groenboek" wat deur die republikeinse regering uitgegee is. Daarin is die boerestandpunt met betrekking tot die vryheidsoorlog teen Brittanje uiteengesit.

In die jare 1912 en daarna, toe wyle genl. Hertzog uit die Botha-kabinet getree het en aan die hoof van die Nasionale Party gaan staan het, is die boek gebruik om genl. Smuts se toentertydse pro-Britse standpunt te vergelyk met sy v o o r m a l i g e pro-Afrikaanse standpunt. In die roes-moes van die partypolitieke stryd is die twyfel gesaai oor die outeurskap van die boek. Genl. Smuts het verkies om steeds oor die saak te swyg. Nou is die twyfel finaal opgehef met die tentoonstelling van die oorspronklike manuskripte, baie waarvan in die handskrif van die outeur is en wat al die jare gebêre was in 'n amptelike omslag van die staatsprokureur van Transvaal.

### *Die Opgekropte Gemoed*

In 'n voorwoord tot 'n Hollandse herdruk van hierdie beroemde „Groenboek" sê dr. H. J. Kiewiet de Jonge (Januarie 1900): De man die dit schreef, in diens kop heeft lang gekrieuwd de verontwaardiging, die eindelik lucht krygt."

Ek gaan vervolgens 'n paar aanhalings neerskryf uit die slothoofstuk van 'n Eeu van Onreg. Ek wil dit doen omdat wyle genl. Smuts vir ons 'n insig gee in die gewaarwordinge wat in die boerehart van 50 jaar gelede gemaal het. Hy skryf:

„Tot hier toe het ons volk geswyg; die vyand het ons volk bespoeg, beklad, geslaan en met alle moontlike minagting en haatlikheid bejeën. Maar ons volk het met 'n waardigheid wat die wêreld herinner aan 'n nog smartvoller en grootser lydensgeskiedenis in stilswye die hoon en veragting van die teenparty verdra . . .

„Op honderde platvorms van Groot-Brittanje is ons volk in die laaste tyd uitgemaak as onbevoeg, onbeskof, eerloos, trouelous, korrup, bloeddorstig, verraderlik, ens., ens., totdat nie alleen die Britse publiek nie, maar ook die hele wêreld begin glo het dat ons byna met wilde diere gelyk staan. Op hierdie die hoon en uittarting het ons geswyg.

„Ons moes verneem dat ons karakterlose staatsbestuur en ons onregverdige, gewetenlose en wanordelike administrasie 'n steeds swerende buil is waardeur as deur 'n peswalm die sedelike en politieke atmosfeer van Suid-Afrika vervuil is. En ons het daarop geswyg.

„In tallose nuusblaaie is ons beskuldig van alle misdade teen die beskawing en die mensheid. Indien die lesende publiek slegs 'n honderdste deel sou glo, dan moet hulle noodwendig tot die volgtrekking kom dat hierdie Republiek 'n rowernes en 'n moordenaarskuil is.

### *Die Poging Tot Kindermoord*

„Maar ons volk het geswyg, deels uit domheid, deels uit 'n gevoel van hopelose hulpeloosheid, deels omdat hy as 'n eenvoudige landbouvolk geen nuusblaaie lees nie en dus nie bekend was met die wyse waarop die gevoel van die hele wêreld met boosaardige woede teen ons opgesweep is nie. . . .

„Die kordon van roofdiere en roofvoëls is in die afgelope tien jaar steeds nouer en nouer om ons arme gedoemde volkie getrek. Soos 'n gewonde bok die nadering van die leeu, die jakkals en die aasvoël ontwaar, so sien ons volk hom oor die hele Suid-Afrika omsingel deur die lis, die wraaksug, die haat en die begeerlikheid van sy vyande. Elke see van die wêreld geklief deur die skepe wat uit alle hoeke van die aardbodem Britse troepe aanbring om hierdie volkie wat maar 'n handjievol tel te verpletter. . . . Dit is geen oorlog nie, maar 'n poging tot kindermoord.

Ten slotte die belydenis van die bittereinder. „Of ons oorwin en of ons sterf: die Vryheid sal in Suid-Afrika rys soos die son uit die môrewolke. Dan sal dit wees van Sambesie tot aan Simonsbaai: Afrika vir die Afrikaner."

So het wyle Genl Smuts in 1899 geskryf.

# REPUBLIKEINSE STRYD VOOR DIE SKERMS

**Ek wil weer 'n keer die aandag vestig op die stryd wat nog maar voortdurend in die binnekringe van die H.N.P. woed tussen die voorstanders enersyds van die konsiliasierigting en andersyds van die republikeinse rigting. En ek wil dit doen aan die hand van die toesprake wat op 24 Februarie op Stellenbosch gelewer is deur dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., en mnr. J. G. Strydom, Transvaalse leier van die H.N.P. Vir die eerste keer is die botsende standpunte van die twee leiers by dieselfde geleentheid en vanaf dieselfde platvorm in die openbaar verkondig. Ek wil toegee dat mnr. Strydom sy woorde baie versigtig gekies het, maar nogtans het dr. Malan 'n waarskuwing uitgespreek wat ongetwyfeld vir mnr. Strydom bedoel was.**

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR WAARNEMER**

Dr. Malan se tema was dat die Herenigde Nasionale Party die vryheidstryd van die Afrikanervolk volstry het. Hy het gesê: „Waar ons vandag staan as vrye onafhanklike volk, nie onderdanig aan enige ander volk in die wêreld nie, 'n nasie onder die nasies, is dit te danke aan die Nasionale Party en aan die Nasionale Party alleen."

Daarteenoor het mnr. Strydom ten aansien van die Afrikanervolk se ideaal van onafhanklikheid beklemtoon dat dit „baie gou reeds die vorm aangeneem het van republikeinse onafhanklikheid." Voorts het hy gesê: **„In die noordelike republieke het die ideaal tot sy volheid gegroei. Was dit nie vir die werklikwording van daardie ideaal in die noorde nie, sou die volk geswig het voor die Britse imperialisme, wat hom daardie dae, net soos vandag nog, ten doel gestel het om daardie onafhanklikheid te vernietig. Hy het dit afwisselend probeer bereik met geweld en soetklinkende beloftes."** Mnr. Strydom het bygevoeg: **„As ons hierdie ideaal sou laat vaar, sal ons sielloos en doelloos word en sterf. As die Afrikaner wil voortbestaan moet hy hom verset teen vreedsame pogings om hierdie ideaal te vernietig."**

## VREEDSAME POGINGS

Ek dink nie dat dit onbillik is om aan te neem dat toe mnr. Strydom gepraat het van die „vreedsame pogings" om die republikeinse ideaal te vernietig, hy ongetwyfeld die pogings van sy eie leier, dr. D. F. Malan, in gedagte gehad het. Hy het waarskynlik gedink aan dr. Malan se uitlating dat Suid-Afrika „in enige omstandighede" die Britse konneksie moet handhaaf, en dat selfs wanneer hy 'n republiek wil word hy soos Indië 'n Empire-republiek moet word.

Die naaste aan 'n ultimatum wat mnr. Strydom gekom het was die volgende woorde: „Gelukkig was daar egter nog altyd groot en sterk geeste in wie se lewe hierdie ideaal voortgeleef het. As verset teen Botha en Smuts, **wat onder die bekoring geraak het van die stoflike voordele wat die Britse imperialisme beloof het,** het Hertzog verrys met sy ideaal van Suid-Afrika Eerste." Mnr. Strydom het voorts gesê dat daar „later" weer 'n verslapping was. Hy het waarskynlik gedink aan die Samesmelting van 1933.

## REPUBLIKEINS VRY

Vervolgens het mnr. Strydom sy bors uitgestoot en gesê: „Maar in 1935 is op die wapen van die Nasionale Party geskryf wat hy met onafhanklikheid bedoel, nl. republikeinse onafhanklikheid. So staan dit vandag daar. **Dit is deels omdat die Nasionale Party met hierdie helder klank gekom het dat hy die bewind kan verower."** Mens kry die indruk dat mnr. Strydom vir dr. Malan wou sê dat die H.N.P. nog glad nie die vryheidstryd volstry het nie. O nee. Eers wanneer **republikeinse** onafhanklikheid verkry is en die Britse konneksie verbreek is, sal die vryheidstryd volstry wees. En voorts is die indruk daar dat hy vir dr. Malan wou kennis gee dat daar nog „groot en sterk geeste" is in wie se lewe die republikeinse ideaal voortleef. Bes moontlik het mnr. Strydom aan homself gedink as sodanige „groot en sterk gees."

## GROEPVORMING

Dr. Malan het hom hierdie uitdaging by implikasie glad nie laat welgeval nie. Hy het die jong leier terstond berispe en gewaarsku. Met verwysing na groepvorming in die party deur die Nuwe Orde en sy waarskuwings van destyds daarteen, het dr. Malan gesê dat hy „in die verlede gewaarsku het teen groepvorming binne die party." Hy het gesê: „Pasop dat ons nie innerlik verdeeld raak en mekaar beveg en verswak nie." Toe het dr. Malan hom na die aanwesiges op die vergadering gewend en gesê: „U as Afrikaners moet die trustees van ons krag, en ons veiligheid, en ons eenheid wees en **moet gedurig 'n wakende oog hou dat daar nie 'n herhaling kom van wat was nie. Ek vertrou dat die hele volk so sal voel."**

## WAT BEDOEL IS

Dr. Malan se woorde beteken dat hy aan mnr. Strydom gesê het dat hy nie 'n republikeinse groep binne die party mag vorm nie. Aan die volk het dr. Malan gesê dat hulle mnr. Strydom nie moet steun as hy dit doen nie, want dan sal die eenheid van die H.N.P. verbreek word. Hierdie bedekte skermutselinkie tussen die twee leiers, wat voor die skerms plaasgevind het, gee vir ons 'n interessante kykie in die skermutselings — tans nog bedek — wat agter die skerms plaasvind.

## REPUBLIKEINSE STANDPUNT

**Terwyl dr. Malan en mnr. Strydom hulle eie potjie geloop het op Stellenbosch, het leiers van die Ossewabrandwag, wat opgetree het by die viering van Vryheidsdag, op Bellville, die republikeinse standpunt ten volle toegelug. Mnr. J. A. Smith, onder-leier van die O.B., het gesê dat „republikeinse vryheid buitekant die Britse of soortgelyke Statebond" die eerste doel moet wees „van enige Suid-Afrikaanse regering wat wil deurgaan vir nasionaal en republikeins" en wat „Suid-Afrika se mannekrag en landsbronne wil inwerp in 'n oorlog wat op die wêreld se slagvelde gevoer moet word." Dr. F. D. du**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**T. van Zyl, Kaaplandse leier van die O.B., het gesê dat „die tyd nou ryp is vir republiekwording. Niks is meer prakties vandag as die republiek nie."**

## „ENKELE STEMME"

Voortgaande het dr. Van Zyl gesê dat die O.B. baie bly is dat daar tog enkele stemme in die regering opgaan wat roep na die republiek. **Aan hulle wil spr. sê dat die O.B. altyd te vinde sal wees vir steun as dit gaan oor die republiek."**

Dit is opvallend dat terwyl dr. Van Zyl op Bellville gepraat het van „stemme" in die regering wat opgaan vir die republiek, mnr. Strydom se stem op daardie selfde oomblik op Stellenbosch vir die republiek opgegaan het. Maar meer nog. Mnr. J. A. Smith het op Bellville gesê: „Vervalsing of afwatering van nasionale aspirasies en republikanisme is 'n uitdaging aan die O.B. Ek neem daardie uitdaging aan. Daarom staan ek vanaand hier voor u. Ek doen 'n beroep op elke lid van die O.B. — tewens op elke republikeinse Afrikaner — om dieselfde te doen." **Dit tref 'n mens dat terwyl mnr. Smith hierdie oproep op Bellville gedoen het, mnr. Strydom op Stellenbosch besig was om gehoor te gee daaraan.**

**Mnr. Strydom was in die verlede altyd 'n baie kwaai teenstander van die O.B. Ek weet nie of hy dit nog is nie. Maar vir my lyk dit asof mnr. Strydom eerder 'n vriend as 'n vyand in die republikeinse Ossewabrandwag behoort te sien.**

# NIE TEVREDE MET BRITSE VRYHEID

**Onderstaande brief deur „J. Albert Coetzee, Pretoria," het op 6 Maart in Die Transvaler verskyn. Die inhoud van die brief is besonder interessant, veral as dit gelees word in die lig wat newensgaande politieke oorsig daarop werp. Mnr. Coetzee is beslis nie so opgenome soos dr. D. F. Malan met die soort „onafhanklikheid" wat Suid-Afrika tans besit nie. Trouens, hy skat daardie „onafhanklikheid" gladnie hoog nie. Sy brief lui:**

Die nageslag sal adv. Strydom dankbaar wees dat hy steeds die vaandel hoog hou vir die Republiek van Suid-Afrika soos wat hy weer op Stellenbosch gedoen het. Op hierdie tydstip van toenemende materialisme het ons volk besieling nodig en dit sal ons alleen vind deur andermaal die republikeinse ideaal helder op die voorgrond te stel, die ideaal waarvoor sedert die dae van Slagtersnek, manne, vroue en kinders met hul lewens betaal het. **Daardie lewens is nie gegee vir die soort onafhanklikheid wat ons vandag besit nie, om lid te wees van 'n Britse Statebond met die Britse koning as ons staatshoof en allerhande soorte van mense as ons mede-lede nie.**

Die skepping van Brits-demokratiese naturellestate in Afrika op gelyke voet in die Statebond, is vir ons 'n vingerwysing dat ons uit daardie Statebond moet uittree en 'n sterk republiek moet opbou as bolwerk vir die blanke beskawing.

## NOU TYD

Ons het in die jongste verlede, ook in verband met die inwyding van die Voortrekkermonument baie nadruk gelê op die blanke beskawing. Die tyd het nou aangebreek om te beklemtoon dat hierdie beskawing verwesenlik is in die opkoms van die Republiek van Suid-Afrika in die nasiewording weg van die Britse Ryk en Kroon.

Die vrees wat daar by sommige bestaan dat ons as republiek maklik 'n prooi kan word van Oosterse imperialisme, is totaal ongegrond. Die suidpunt van Afrika is daarvoor van te veel strategiese waarde vir die groot moondhede van die Weste. Nog onlangs het die Amerikaanse president verklaar dat die V.S.A. se veiligheid in Suid-Afrika is. Maar in ons strewe na 'n Republiek is ons geloof nie in die eerste plek in ander nasies nie, dog in die Skepper van ons eie nasie.

# HELPMEKAAR WIL STERK STUDIEFONDS OPBOU

**'n Veldtog om geld vir sy fonds vir gevorderde studie is die afgelope week deur die Helpmekaarvereniging van stapel gestuur. Die doel is om 'n kragtige fonds op te bou waarmee Afrikaanse studente gehelp kan word om hul studies voort te sit sonder om gebruik te maak van volksvreemde fondse en geldskieters.**

Daar is bevind dat daar 'n jaarlikse behoefte van meer as £20,000 aan hierdie soort lenings bestaan, word verklaar. Die Helpmekaar het 'n aantal jare gelede met so 'n fonds begin, maar sy fonds vir die doel is nie toereikend nie. Op 'n paar uitsonderings na is fondse van hierdie aard uitsluitlik in die hande van vreemde en onnasionale elemente. Deur die toekenning van beurse aan talentvolle Afrikanerseuns en -dogters het hierdie vreemde fondse alte dikwels daarin geslaag om toekomstige volksleiers op vreedsame wyse van hul volk te vervreem, word verklaar. Te maklik het die student soms die prooi van die ondermynende gedagte geword dat sy eie mense en instellinge tog maar nie soveel beteken nie.

## OPROEPE

Die vereniging verklaar dat die fonds vir hierdie doel heeltemal ontoereikend is. Daar word gedink aan regstreekse skenkings ten einde dit te versterk, waarvoor daar nou oproepe gedoen word.

Die vereniging beoog ook ander metodes soos erflating en lening van geld aan die fonds teen 'n rentekoers van 1 tot 4 persent.

Verskillende oproepe deur persone en organisasies om steun vir die fonds word gedoen. Die eerste minister, dr. D. F. Malan, maan die volk om nou in hul voorspoed vorentoe te tree en ruim by te dra. Toe die Helpmekaar tydens die eerste wêreldoorlog opgerig is met die doel om die boetes van rebelle te betaal, het hy in sy armoede 'n groot bedrag byeengebring.

Ander boodskappe is dié van dr. A. J. van der Merwe, moderator van die N.G. Kerk in Kaapland, mnre. L. C. Bruwer en J. B. Bonthuys namens die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, appèlregter H. A. Fagan en prof. H. B. Thom van die Universiteit Stellenbosch.

# Stryd Om Helgoland

**Die Britse regering** het die Duitse bondskanselier in kennis gestel dat Brittanje Helgoland van aanstaande jaar in Maart nie meer sal bombardeer nie. Soos onthou sal word, het die voormalige bewoners van die eiland in die jongste tyd 'n veldtog van verset teen die Britte gevoer deur telkemaal die eiland te gaan „beset."




**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEWEERS TE KOOP

1. Lee-Metford (S.M.L.R.) met feitlik nuwe loop deur deskundige gepak en voorsien van bykomstige gaatjiesvisier. Eersteklas toestand. Volkome akkuraat. — £15.

2. Duitse Mauser, .22 kaliber. Eersteklas in alle opsigte Weinig gebruik. Pragstuk. Ook voorsien van bykomstige gaatjiesvisier vir skyfskiet — £30.

Bostaande geweers is baie goed versorg en opgepas. Almal gelisensieer. Doen dadelik aansoek by: J. A. Smith, Mymer, George.

## TE KOOP

**3,000 Pragtige opregte, swart Australorp** gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. £6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY, Posbus 1128, Bloemfontein.** 31/1/17B

**Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

**Duitse Merino-rammetjies uitverkoop.** Plaas bestellings vir November-aflewerings om teleurstelling te voorkom. Geteel van opreggeteelde Elsenburgvaders. **C. du Toit, Malanstasie.** 31/1/7B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."**

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8356**
**PAROW**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**
DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike **en ekonomiese integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*......................

......................*vir die eerste*......................*maande.*

*NAAM*......................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*................................................

..............................................

..............................................

..............................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

*Ander Se Menings*

# WEERPROFEET KOM MET SOMBERE VOORSPELLING

**Mnr. C. J. J. du Toit, van Andalusia, wat in die afgelope ses maande bekendheid verwerf het, selfs in die buiteland, vir sy rake langtermyn-weervoorspellings wat hy uitwerk volgens 'n bepaalde stelsel op grond van sekere feite wat hy in 'n jarelange studie vasgestel het, het verlede week in Kaapstad die opsienbarende stelling gemaak dat die aardkors geleidelik warmer word en dat daar 'n dienooreenkomstige afname van reën in ons land waar te neem is — 'n proses wat sal voortduur totdat geweldige vulkaniese uitbarstings op verskeie plekke op die aardbol sal voorkom — onder andere moontlik ook in Afrika en aan die Suid-Afrikaanse weskus.**

**Die onlangse verskynsel van swaweldampe aan die Suidwes-kus beskou mnr. Du Toit as 'n bevestiging van sy bevinding waartoe hy so lank terug as 1931 gekom het.**

Mnr. Du Toit, wat 'n vereniging van wetenskaplikes by die Universiteit toegespreek het, het gesê dat toe hy hierdie ontdekking in 1931 gedoen het, hy so benoud geword het dat hy sy papiere vir etlike weke weggebêre het.

In 1949 het hy 'n rondskrywe met die voorspellings in hierdie verband aan ses koerante gestuur, maar die reaksie was ongunstig. Daarin het hy voorspel dat uitbarstings verwag kan word op die dun plekke van die aardkors, te wete aan die Suid-Afrikaanse weskus van die Oranjeriviermond af min of meer noordweswaarts by noord, met moontlike vertakkinge na Wes-Spanje of Portugal en 'n ander meer weswaarts in die rigting van Ysland. 'n Tweede gevaarlyn strek min of meer vanaf die Ruwenzori-gebergte noordwes van die Victoria-meer in suidelike rigting tot by die Springbokvlakte. 'n Ander lyn strek oor die pieke Kenia en Kilimanjaro in suidelike rigting na die Springbokvlakte. 'n Verdere baan volg die Skeurvallei en mag so ver suid as Noord-Zoeloeland strek, terwyl 'n laaste gevaarlyn van die Ooskus van Asië tot naby Australië strek.

### BEWAARHEID

Sedert hierdie waarskuwings van hom het daar reeds verskillende bevestigings gekom, byvoorbeeld vulkaniese bedrywigheid in die bo-lope van die Kongo, by Mombasa, Mount Lamington in Nu-Seeland, en dan die groot aardbewings by Assam verlede Augustus waar hele bergreekse in die aarde versink het, asook aardbewings in die Japanse eilande onlangs.

**Spr. is egter veral besorg oor die Afrikaanse weskus en die omgewing van Nu-Seeland. As die uitbarsting in die see plaasvind sal 'n atoombom soos 'n klapper daarmee vergelyk en alle kusstede aan weerskante van die Oseaan mag deur 'n geweldige vloedgolf verswelg word.**

### WORD WARMER

Mnr. Du Toit het sy ondersoek na die hitte van die aarde eers in Johannesburg (Joubertpark) begin, maar toe hy die styging van die nagtemperatuur waarneem, het hy gemeen dat die myne dalk iets daarmee te doen kon hê en hom gevolglik by Kaapstad bepaal. Sedert 1858 het die nagtemperatuur geleidelik skerp gedaal tot in 1894 toe dit 'n laagtepunt bereik het. **In daardie jaar was die reënval op sy hoogste. Sedertdien het die nagtemperatuur geleidelik gestyg — hoewel die dagtemperatuur afgeneem het as gevolg van die boomaanplanting wat sedert 1877 (met die rooikrans) en sedert 1893 (met die dennebosse) geskied het.** In die verband het mnr. Du Toit met 'n grafiek aangetoon hoe dat die aantal reëndae sedert die boomaanplantings vermeerder het, hoewel die totale neerslag jaarliks afgeneem het as gevolg van die toenemende hitte van die aardkors. **„Boomaanplanting vermeerder die reënval nie met 'n enkele druppel nie, maar dit veroorsaak wel 'n verdeling van die neerslae oor meer dae", het spr. gesê.**

### BEWYS VAN GEVAAR

Die verskynsels aan die Suidweskus van swawelgasse en dooie visse beskou mnr. Du Toit as bewys van sy bevinding. Dit is die voortekens van die uitbarsting. Die plankton in die see gaan dood weens die toenemende hitte van die aardkors en die ontsnappende gasse uit die aarde neutraliseer die suurstof in die water tot 'n verhouding van laer as ses persent met die gevolg dat die visse vrek weens gebrek aan suurstof. 'n Termometer onder die sand op die seebodem sal spr. se stelling onderskryf.

Tesame met die hitte-toename en die gevolglike reënafname het spr. 'n geheimsinnige dog moontlik baie betekenisvolle beweging „agter die skerms" waargeneem. Hierdie beweging is naamlik 'n stygende lugdruk, terwyl 'n stygende temperatuur juis 'n dalende lugdruk veronderstel. Al verklaring wat spr. hiervoor kan gee is dat die groter hitte van die aardkors meer suurstof laat ontsnap. Miskien kan die mediese wetenskap help om vas te stel of daar enige verandering in die bloedkleurstof van die mens sedert 1894 waar te neem is as gevolg van 'n ryker suurstofmengsel in die lug. So iets sou beteken dat die mense vandag gesonder moet wees as voorheen.

### NUWE TEORIE

Mnr. Du Toit het 'n heel oorspronklike teorie uitgespreek oor die vorming van hemelliggame en die aarde. Hy neem nie aan dat hulle uit afkoelende gasse ontstaan het in die afkoelingsproses wat nog steeds voortduur nie, soos wetenskaplikes beweer nie, maar meen dat elektrone saamgekom het om atome te vorm met die neiging om so na as moontlik aan die middelpunt te heg. Daarom is alle hemelliggame rond. Sodra die deursnee van 'n liggaam 'n afmeting bereik wat heelwat groter is as dié van die maan — wat koud is — ontstaan daar so 'n drukking op die middelpunt dat die atome beswyk en hitte word vrygestel. Die hitte, soos alle energie, beweeg weg van die middelpunt, maar kan moeilik deur die rotse dring. Dit slaan dan oor in elektrisiteit wat deur die rotse na buite gelei word waar dit 'n elektriese plafon buite ons atmosfeer vorm wat 'n groot invloed uitoefen op ons weertoestande. Dit veroorsaak die donderbuie wat al meer die plek inneem van die vroeëre landsreën.

### METODE

Mnr. Du Toit het verduidelik dat sy voorspellings berus op drie sleuteldae waarop reën verwag word. Op hierdie drie dae trek die atmosferiese plafon die nouste saam rondom die aarde. Omdat die hoeveelheid vog dan die nouste saamgepers is, is reën op daardie drie dae die waarskynlikste. Binne twaalf dae nadat die uitsetting van die atmosfeer weer ingetree het, agterhaal die verdamping die uitsetting sodat dit minstens nog eenmaal moet reën binne twaalf dae, en dieselfde gebeur binne die volgende sestien dae. As dit egter nie reën op die drie sleuteldae nie, sal dit beslis nie reën in enige van die ander twee tydperke nie. Dit is 'n wet wat so vas staan soos 'n horlosie se meganisme.

Op 'n vraag het mnr. Du Toit gesê dat as hy alle geriewe tot sy beskikking het, sal enige persoon wat op sy stelsel werk 'n voorspelling kan doen vir enige plek in die wêreld wat honderd persent juis sal wees met slegs 'n toegewing van 3 persent vir weerkundige ongelukke soos vulkaniese uitbarstings en hittegolwe.

# DRANK EN DANS DIE OORSAAK

**Dans en drank is die belangrikste oorsaak dat meisies val, volgens 'n verklaring van ds. J. du Toit in 'n artikel in Die Kerkbode oor die Uitkoms-tehuis in Malvern, Johannesburg, waar ongetroude moeders opgeneem word.**

Ds. Du Toit verklaar dat ongeveer 54 persent van die meisies van die stad en 46 persent van die platteland afkomstig is. Dit wil voorkom of 'n betreklik klein persentasie afkomstig is uit Christelike huisgesinne of die Christelike opvoeding van huisgodsdiens, Sondagskool en biddende ouersorg geniet het. 'n Onverantwoordelikheid teenoor die lewe word dikwels bespeur. Dwarrelwindomgange, waar die man onbekend of onopspoorbaar is, is verantwoordelik vir 35.8 persent van die gevalle.

**„Ons tref min gevalle waar drank nie die verdowingsmiddel is om die dogter se trots, eergevoel, beskeidenheid, ja, selfs haar vrees te ondermyn nie.** Een van ons welsynswerksters beweer dat ons nie sal fouteer as ons sê dat drank byna sonder uitsondering 'n verwoestende rol gespeel het nie. **Die dans is byna in alle gevalle die geleentheid tot ontug en gewoonlik die aanleiding daartoe.** Een betrokke man het die vermetelheid gehad om te beweer dat hy ‚nog nooit 'n dogter misgevat het of nie in sy doel om haar te onteer geslaag het nie — mits sy lief vir dans was!'

„Dit is nie by die onervare dogtertjie van 14—16 jaar waar die meeste gevalle voorkom nie, maar by die jong vrou van 19—20 jaar waar mens ryper verantwoordelikheid verwag."

*Kleur en die Toekoms (2)*

# AANDUIDING DAT BANTOE SE AANWAS DEUR STEDE VERTRAAG WORD

**Sabra-Lesing Deur Dr. J. L. Sadie.**

**Wat geboortes betref, beskik ons oor syfers van slegs die grootste stedelike gebiede en hulle is onvolledig. Soveel gebruik sal hiervan gemaak word as wat deur wetenskaplike n o r m e veroorloof word. Gepoog sal word om op onregstreekse wyse die vrugbaarheid van die naturellebevolking te bepaal. Die waarde van die resultate sal deels afhang van die aanvaarbaarheid van ons lewenstabelle.**

In die eerste plek kan die geboortesyfer afgelei word deur die toepassing van die sterftewaarskynlikhede, wat uit die lewenstabel verkry word, op die leeftydsindeling van die Bantoebevolking m.b.t. die eerste twaalf lewensjare. Die veronderstelling is dat Naturelle die ouderdomme van hul kinders wat nog jonk is, redelik korrek kan skat, en dat die gevolge van foutiewe opgawes in 'n groot mate neutraliseer word deur twee leeftydsgroepe van bv. ses lewensjare elk, as basis vir berekening te gebruik. Hieruit word dan die totale en die jaarlikse gemiddelde aantal geboortes wat die afgelope tien tot twaalf jaar kon plaasgevind het. Op hierdie grondslag bereken, kom die geboortesyfer van Naturelle gedurende 1936-46 op gemiddeld 42 per 1,000 te staan. Dit wyk nie veel af van die syfer van 39 per 1,000 wat die monsterstudie te Polela vir 1946 geopenbaar het nie. Die gevolgtrekking dat daar 'n klein daling in die geboortekoers die afgelope tyd ondervind is, skyn ook geregverdig te wees. Die syfers vir die eerste en tweede helfte van die dekade 1936-46 kan in bv. bogenoemde berekeningsmetodes op ongeveer 43 en 41 onderskeidelik gestel word.

### AANWASSYFER

Hierdie resultate kan in 'n mate gekontroleer word deur uit te gaan van die sterftesyfer wat op 29 per 1,000 bepaal is. Indien ons die bevolkingsgetalle van 1936 en 1946 vergelyk, nadat die invloed wat immigrasie uit aangrensende gebiede uitgeoefen het, uitgeskakel is, vind ons 'n gemiddelde groeikoers van 1.51 persent per jaar. Dit verteenwoordig 'n natuurlike aanwassyfer — d.w.s. die oormaat van geboortes oor sterftes uitgedruk as 'n getal per 1,000 van die bevolking — van om en by 15. Wanneer hierdie 15 en die 29 daarbo genoem bymekaar gevoeg word, loop dit uit op 'n geboortesyfer van 44 per 1,000. Hierdie getal is effens hoër as die 42 genoem, en dit blyk dus moontlik dat die geboortesyfer tussen die grense 42 en 45 kan lê. Die ondersoeker sou egter suggereer dat 44 per 1,000 die mees waarskynlike geboortekoers is.

Die maatstawwe hierbo gebruik, verskaf nie die beste aanduiding van vrugbaarheid nie. 'n Beter maatstaf is die vervangingsverhouding. Dit word verkry deur die verhouding tussen die getal dogters onder één jaar en die aantal vroue tussen 15 en 50 jaar in die werklike bevolking te deel deur die ooreenstemmende verhouding in die lewenstabelbevolking. Laasgenoemde verhouding stem ooreen met 'n netto vermeerderingsyfer (N.V.S.) van 1 — 'n maatstaf wat verkieslik is bo die vervangingsverhouding, maar wat uiteraard in die geval van Naturelle nie regstreeks bereken kan word nie — en die vervangingsverbinding is dus 'n benaderde waarde van die N.V.S. Deur sondermeer gebruik te maak van die Bantoe se opgawes van hul leeftydsindeling, word egter 'n onsinnige resultaat verkry. Die gemiddelde aantal oorlewende dogters by ouderdom 0 gedurende die vyf jaar wat 1946 voorafgegaan het, is dus bepaal m.b.v. die lewenstabel, en hieruit is 'n vervangingsverhouding van 1.43 verkry (d.w.s. vir 1941-46). Op grond hiervan, asmede van die inligting hierbo i.v.m. geboortes, sterftes, netto aanwas en die groeikoers, wil dit voorkom asof die netto vermeerderingsyfer van Bantoes tussen 1.44 en 1.48 geleë is. Stel dit op 1.45. Dit beteken dan dat hul groeipotensiaal sodanig is dat die bevolking binne die leeftyd van 'n geslag met .45% kan toeneem. In vergelyking hiermee kry ons die volgende netto vermeerderingsyfer vir die ander rasse (1945-47):—Blankes 1.50, Kleurlinge 1.90, Asiate minstens 2.35.

### MANLIKES

Dis 'n wêreldwye verskynsel dat daar meer seuns as dogters die lewenslig aanskou. Gedurende die afgelope veertig jaar is daar onder die blanke gemeenskap 105.6 seuns vir elke 100 meisies lewendig gebore. Afgaande op die statistieke van sekere stedelike gebiede moet die manneverhouding aan Naturelle by geboorte nie veel hoër as 100.6 wees nie. Word doodgebore kinders ook in ag geneem, kry ons 'n primêre verhouding — die vorige is die sekondêre — van 103.1. Vanweë hul mindere weerstandsvermoë teen siektes verdwyn die oormaat van seuns heel spoedig, en vanaf die ouderdom 4 of 5 sal daar, in die afwesigheid van immigrasie meer meisies en vroue as seuns en mans wees. Op hierdie grondslag sal die manneverhouding van die totale bevolking op ongeveer 95 te staan kom. Hierdie syfer sal selfs kleiner word namate die vrugbaarheid verlaag en gesondheidstoestande verbeter, indien die manneverhouding by geboorte dieselfde bly.

Daar het 'n heel geringe toename in die gemiddelde ouderdom van die Naturelle plaasgevind. In 1911 was dit — dit wil sê die rekenkundige gemiddelde — 23.1 en 23.7 vir mans en vroue onderskeidelik teenoor 24.5 en 24.6 in 1946. Hierdie styging moet grootliks aan immigrasie toegeskrywe word en in baie klein mate aan die effense vermindering in die geboortesyfer. Die groeipotensiaal van hierdie volk is nog groot.

### VERSKILLE

Betreffende vrugbaarheid kan verder op 'n verskynsel gewys word wat moontlik belangrike implikasies vir die toekoms mag inhou, naamlik dié van differensiële vrugbaarheid. **Soos onder ander bevolkings skyn hier ook 'n verskil te wees tussen die vrugbaarheidskoerse van stad en platteland. In stedelike gebiede was daar volgens die 1946-volkstelling 354 kinders onder 5 jaar per 1,000 vroue in die leeftydsgroep 15-49 en in die plattelandse gebiede 617.** Ongetwyfeld verteenwoordig slegs 'n klein gedeelte van die verskil 'n verskil in werklike huweliksvrugbaarheid, in die lig van die gevolge van die trekarbeidstelsel. 'n Mens wonder hoe groot hierdie gedeelte presies is, d.w.s. in welke mate die differensiële vrugbaarheid 'n funksie is van die maatskaplike gevolge van die stedelike milieu, en in welke mate dit bloot voortspruit uit die fisiese gevolge van migrasie.

Onder Westerse volkere korreleer die inkomstehoogte en die gesinsgrootte gewoonlik negatief, d.w.s. hoe hoër die inkomste van die gesin of gesinshoof, hoe kleiner die aantal kinders. Volgens die gesinsopname in sewe Bolandse dorpe deur die departement van sosiologie van U.S., geld die teenoorgestelde vir Naturelle. Miskien is hierdie tendens nie 'n analoog van die neiging onder blankes nie waar die handhawing van 'n hoër lewenstandaard 'n oorsaaklike faktor is. Die hoër inkomste van groter Bantoegesinne mag 'n gevolg wees van die feit dat daar meer broodwinners is.

### BEVOLKINGSAANWAS

Die Bantoebevolking het sedert Unie-stigting byna verdubbel, en hul aandeel in die totale S.A.bevolking het toegeneem van 67.3% in 1911 na 68.6 persent in 1946. Die betreklike belangrikheid van die blankes het daarenteen afgeneem. Gedurende die afgelope dekade het die groeikoers van Naturelle skynbaar verminder in vergelyking met die periode 1911-36, naamlik 1.73% per jaar teenoor 2% per jaar. Maar hierdie groeikoers sluit ook in die toename wat deur 'n vermeerderende immigrasiestroom van tydelike inwoners veroorsaak word. Die aantal buitelandsgebore Naturelle ten tyde van die verskillende volkstellings was soos volg:—

| | Mans | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1911 ... | 187,390 | 41,400 | 228,790 |
| 1936 ... | 261,136 | 72,641 | 333,777 |
| 1946 ... | 446,150 | 110,695 | 556,845 |

Indien die voorlopige syfers vir 1946 korrek is, beteken dit dat die immigrasie stroom vanaf aangrensende gebiede in die afgelope tyd waarskynlik baie groter was as ooit tevore in die Unie-geskiedenis. Baie van hierdie mense, veral diegene uit Basoetoeland, het al permanente inwoners van die Unie geword, of hulle minstens as gesinseenhede hier gevestig. Die snelle nywerheidsontwikkeling het grootskaalse werkgeleentheid vir ongeskoolde arbeiders geskep.

Wanneer die aantal Naturelle vanuit die omliggende gebiede op 556,845 vir 1946 gestel word, was die natuurlike groeikoers gedurende 1936-46 slegs 1.51% per jaar. In vergelyking hiermee het die toename gedurende 1911-36 op gemiddeld 2.00% per jaar te staan gekom. **Daar is dus 'n duidelike afname in die netto vrugbaarheid van Naturelle.** In grootste mate moet dit toegeskrywe word aan die ontwrigting van die gesinslewe voortvloeiende uit die hoër peil van binnelandse migrasie.

(Slot Volg)

# Kremlin Besorg Oor Uitwerking Van Rebellie

**Volhardende bedrywigheid van rebelle en groter afvalligheid van Stalin in kommunistiese kringe word berig deur die deeglik ingeligte blad Intelligence Digest in 'n opsomming van toestande agter die Ystergordyn.**

Die blad verwys na 'n amptelike aankondiging op 1 November 1950 dat die Sowjet 'n nuwe dekorasie geskep het vir uitreiking aan lede van die M.V.D., „vir dapperheid in gevegte teen bandiete en bandiete-bendes." **Dit was die eerste openbare erkenning van die Kremlin van die bestaan van guerillamagte op Russiese gebied en 'n aanduiding van die amptelike besorgdheid daaroor.**

**Die blad merk op dat die Russiese leiers op grond van eie gebruikmaking daarvan bewus is van die gevaar van partisaneoptrede en die aansteeklikheid daarvan. Hulle wil dus alle guerilla-bedrywighede uitdelg voordat die oorlog uitbreek.**

Hierdie bedrywigheid setel in die Kaukasus en die Ukraine. In die Kaukasus is dit veral die Karbadino-Balkarestamme wat in gewapende opstand verkeer. Hierdie mense het die Duitsers verwelkom as bevryders en baie dapper onder hulle geveg — sommige onder genl. Fraytag wat tans 'n vooraanstaande stafoffisier van die Oos-Duitse polisie is.

### GEHEIMSINNIGE LEIER

Stalin het die totale verwydering van die stam na Siberië beveel, maar groot getalle het na die berge en woude uitgewyk waar hulle tans in toenemende mate georganiseer word deur 'n geheimsinnige leier wat hulle saamskakel met die Kazaks en Ukrainiers. Hulle gebruik Duitse en Russiese wapens en die feit dat hulle ook tans van 'n kortgolf - radiosender gebruik maak, toon dat die gebied wat geraak word, uitgestrek moet wees.

In die Ukraine is die Bandera-leër nog sterk ten spyte van teenmaatreëls en die dood van hul stafhoof in Oktober in 'n geveg met Russiese troepe. Hy is egter opgevolg deur 'n baie bekwame persoon wat grondige ondervinding van guerilla-oorlog het. **Een van die gevolge van hierdie verset in die Ukraine is dat die gebied vanjaar die laagste nywerheidsopbrengs in die geskiedenis van die Sowjet het. Selfs die Russiese pers erken nou die erns van die posisie daar.**

**Die blad verklaar dat die Westerse moondhede veel kan doen om hierdie vuur aan die brand te hou en uit te brei, veral deur gebruikmaking van die hulp van Russiese en ander Oos-Europese vlugtelinge. Laasgenoemdes berig dan ook dat die aantal betroubare Staliniste selfs in die hoogste posisies baie kleiner is at wat gewoonlik aangeneem word.**


NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071




Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

SANTAM
Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.

# STRAUSS VRA GESAMENTLIKE SITTING OOR KLEURWET

**Die Speaker van die volksraad, mnr. J. H. Conradie, het Maandagmiddag die pers versoek om geen kommentaar te lewer wat moontlik die uitspraak wat hy moet gee oor die indiening van die Kleurlingstemreg-wetsontwerp by die volksraad, kan vooruitloop of prejudiseer nie. Mnr. Conradie sal sy beslissing ter gelegenertyd gee. Die leier van die Opposisie het op 'n punt van orde die reëling van die Speaker gevra met betrekking tot die wettigheid van die indiening van hierdie wetsontwerp wat deur die minister van binnelandse sake voorgestel is.**

Verlede Donderdag het dr. T. E. Dönges naamlik verlof gevra „om 'n wetsontwerp in te dien wat voorsiening maak vir die aparte verteenwoordiging in die Parlement en die Provinsiale Raad van die Provinsie van die Kaap die Goede Hoop van Blankes en nie-blankes in daardie provinsie, en wat vir daardie doel die wet wat betrekking het op die registrasie van blankes en nie-blankes as kiesers vir die Parlement en vir die genoemde Provinsiale Raad wysig; wat die wet wat betrekking het op die registrasie van blankes en naturelle in die Provinsie Natal as kiesers vir die Parlement en vir die Provinsiale Raad van Natal wysig, wat 'n Raad vir Kleurlingsake in die lewe roep en voorsiening maak vir sake wat daarop betrekking het."

### PUNT VAN ORDE

Mnr. J. G. N. Strauss het onmiddellik aangevoer dat die Volksraad alleen nie bevoeg is om die wetsontwerp te behandel nie. Daarom vra hy 'n beslissing van die speaker op die volgende punt van orde:

„Of die wetsontwerp nie volgens die bepalings van artikel 35 en/of 152 van die Suid-Afrikawet voor 'n gesamentlike sitting van albei Huise van die Parlement gelê moet word nie wat deur die Goewerneur-generaal deur 'n boodskap van albei Huise volgens artikel 58 en 152 van die Suid-Afrikawet saamgeroep moet word, waarin beliggaam word as 'n beginsel daarvan dat voorsienings wat (1) daarop doel op persone op grond van ras en kleur in die Kaapprovinsie te diskwalifiseer wat onder die wette val wat bestaan het onder die Kaap die Goeie Hoop by die totstandkoming van die Unie en dat as kiesers geregistreer is of geregistreer mag word;

(2) Vra om persone op grond van 'n diskwalifikasie wat op ras en kleur gegrond is van die kieserslys te skraap, wat in die Kaap die Goeie Hoop as kiesers geregistreer is, daardeur inbreuk maak op die bepalinge van afdeling (2) van artikel 35 van die Suid-Afrikawet wat nie gewysig of herroep kan word nie volgens die wyse wat deur artikel 152 van die wet neergelê is nie; en of die mosie om verlof om die wetsontwerp voor te lê, nie verwerp moet word nie."

### SAL LATER BESLIS

Die Speaker het lede van die Volksraad versoek om die opposisieleier se punt van orde te bespreek. Mnr. Strauss het die besprekings ingelui met 'n gemotiveerde juridiese pleidooi ten gunste van sy party se standpunt. Namens die regering het mnr. Tom Naudé, minister van pos- en telegraafwese geantwoord. Ander lede het die debat voortgesit. Vrydag het die Speaker die besprekings beëindig en sy beslissing voorbehou. Hierdie juridiese pleidooie was die inleiding tot die beloofde titaniese botsing tussen regering en opposisie oor hierdie netelige wetsontwerp.

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

nie. **Ons eie Boerestelsel, wat ook deur leiers van die H.N.P. tien jaar gelede bepleit is, bied daarvoor die oplossing. In daardie stelsel het ons geen gesnoerde monde gehad nie en ook geen betaalde opposisie nie. Kritiek en volkseenheid het met mekaar gepaar in plaas van vyande van mekaar te wees soos binne die Britse partystelsel.**

**Party-eenheid kan nooit volkseenheid vervang nie. Dit is die les wat die Vrystaatse Provinsiale Raad hierdie briefskrywer behoort te leer.**

# Unie Verwerp V.V.O. Se Besluit

**Die Suid-Afrikaanse regering het die V.V.O. se besluit van Desember 1949 insake 'n tafelronde tussen Suid-Afrika, Indië en Pakistan oor die behandeling van Indiërs in die Unie verwerp.**

Hierdie inligting is vervat in 'n brief, gedateerd, 7 Maart, van Suid Afrika se adjunk-afgevaardigde na die V.V.O. wat deur die sekretaris-generaal vrygestel is.

Die brief lui „dat die Unieregering die Algemene Vergadering se besluit waarna verwys word as die grondslag vir enige tafelronde nie kan aanvaar nie, aangesien die bewoording van die besluit inmenging beteken in 'n saak wat noodsaaklikerwys binne die Unie se huishoudelike jurisdiksie val."

Die regering verklaar egter dat hy bereid is om voort te gaan met die onderhandelinge op die grondslag van die Kaapstadse samesprekinge.

**'n Motor wat sy eie voortreflikhede verkondig sodra iemand naby hom kom,** is die nuutste toevoeging tot die verkoopskuns in Amerika. 'n Motorhandelaar het 'n pratende robotmasjien binne sy motors wat te koop aangebied word, geplaas. Wanneer iemand die motor nader, begin die masjien vir drie minute lank die goeie hoedanighede van die motor te beskryf.

# Kommandos Moet Weer Inspan

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

het 'n klein afdeling van die Boerejeug met brandende fakkels 'n fakkel aan mnr. Laubscher oorhandig waarmee hy die vuurstapel aan brand gesteek het. Gelei deur oud-stryder Schoeman, hoofkomdt. Joubert, het die aanwesiges elkeen 'n stukkie hout op die vuur gegooi. Daarna is Die Stem gesing.

Die funksie het die vorm van 'n braaivleisfees aangeneem. Lekker wors, brood en koek is deur die vroue, onder leiding van komdte. J. C. Burger, aangebied.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# PONTECORVO GEE NUWE WAPENS AAN RUSLAND

**Die verdwyning van die Britse atoomdeskundige, Pontecorvo, na Rusland verlede September mag miskien nog blyk 'n belangrike geskiedkundige gebeurtenis te wees, verklaar Intelligence Digest, wat daaraan toevoeg dat hy uit dieselfde bron wat in 1948 hom agt maande voor die eerste atoomontploffing in Rusland daaromtrent ingelig het, verneem dat Pontecorvo na Rusland gevlug het met die geheim van 'n nuwe soort atoombom wat veel makliker en dus op groter skaal vervaardig kan word as die Amerikaanse produk. Hy verklaar dat Pontecorvo, toe hy hierdie moontlikheid ontdek het, Moskou dadelik in kennis gestel het dat hy na Rusland wil gaan omdat hy die geheim nie aan die Westerse volke wou laat toekom nie.**

Die blad verklaar dat Pontecorvo geruime tyd reeds met die Russe in verbinding was. **Sommige Britse amptenare was hiervan bewus en het inligting met die Amerikaanse intelligensiediens uitgeruil. Dit is egter nie duidelik waarom die Britse regering hom toegelaat het om die land te verlaat nadat die Amerikaners hulle in kennis gestel het dat hy 'n verdagte persoon is nie.** Dit is nietemin bekend dat hy die beskerming geniet het van sekere invloedryke vriende wat, hoewel sonder verkeerde bedoeling, hom 'n beslissende tydperk lank beskerm het. Hulle was onder die indruk dat hy die onskuldige slagoffer van 'n reaksionêre ketterjag was.

### NOG TWEE

**Wat meer is, daar is nog twee ander professore wat op dieselfde wyse beskerm word wat op hierdie oomblik geheime inligting aan Rusland stuur.**

Pontecorvo het besluit om Engeland te verlaat omdat hy 'n stadium in sy navorsingswerk bereik het waar dit vir hom nie langer moontlik was om sy kennis te weerhou nie. Indien hy bly, sou die Geallieerdes die voordeel daarvan geoes het. Dit sou, so het hy gemeen, in die geval van oorlog die oorwinning binne hul bereik geplaas het. Omdat hy begeer dat Rusland moet wen, het hy 'n boodskap na Rusland deurgestuur dat hy Brittanje sonder versuim moet verlaat. By sy aankoms in Moskou het Beria 'n buitengewone tweedaagse sitting van Rusland se hoogste atoomgesag belê waar Pontecorvo van begin tot einde teenwoordig was. Beria was voorsitter en professor Golubstoff en Vollmer is ingeroep, maar het nie die hele tyd gebly nie.

Die onderwerpe wat bespreek is, was:

### NUWE BOM

**(1) Die vervaardiging van 'n nuwe tipe atoombom wat, hoewel nie so kragtig as die Amerikaanse produk nie, teen 'n breuk van die koste en tyd vervaardig kan word en in groot getalle.**

(2) 'n Nuwe soort grond-vuurpyl wat met groot presiesheid oor 'n baie lang afstand gevuur kan word — veral bruikbaar teen hawens, stede en troepesametrekkings.

### GROOT KENNIS

(3) 'n Nuwe ontwikkeling in kosmiese straal-verdediging teen vliegtuie.

Hierdie planne is oorweeg in die lig van Pontecorvo se kennis van kosmiese strale en atoomkrag — onderwerpe waaroor hy een van die grootste deskundiges in die wêreld is en waarin hy 'n gevorderde stadium van kennis opgedoen het wat hy nie bereid was om aan die Westerse lande mee te deel nie, maar wel aan Rusland.

**Pontecorvo het tot lewensbelangrike gevolgtrekkinge gekom wat rus op sy diepgaande kennis van al die Weste se hoogste geheime op hierdie gebied. Sy indiensneming deur Rusland is daarom van die grootste belang.**

### WYSIG STRATEGIE

Beria was hoogs beïndruk deur wat hy mee te deel gehad het. Hy het so ver gegaan as om tot die besluit te kom dat die hoogste voorkeur verleen moet word aan hierdie ondernemings selfs ten koste van 'n mate van vertraging en aansienlike wysigings van strategiese beplanning.

'n Memorandum is vir Stalin opgestel waarin aanbeveel word dat Pontecorvo tyd moet kry tot Oktober 1952 om praktiese nywerheidsresultate te bereik, 'n datum wat deur Pontecorvo self voorgestel is. Stalin was net so in sy skik en het al die voorstelle goedgekeur.

### WIL TYD WEN

Hierop het Pontecorvo met sy gesin in een van Beria se spesiale vliegtuie vertrek na Tasjkent. Hy is tans in die kosmiese navorsingsentrum êrens aan die Kirgiz- of Tadzik-grens. „Dit moet nog gesien word in hoever hierdie nuwe onderneming waaraan Stalin en Beria soveel waarde heg, die wêreld-tydtafel sal verander," verklaar die blad. „Dit is nog te vroeg om 'n antwoord daarop te gee, **maar dit is nietemin bekend dat sedert Pontecorvo se planne aanvaar is, Rusland veel meer as ooit bereid was om 'n samekoms van die vier moondhede te hou. Daar is verskillende politieke tekens wat dui op metodes van tydwenning."**

Aan die anderkant meen die blad dat die oë nie gesluit mag word vir grootskaalse voorbereidings in Oos-Europa nie. Sametrekkings van valskermtroepe word waargeneem in verskillende Oos-Europese lande terwyl daar koorsagtig gewerk word aan die oprigting van vliegvelde. 'n Deel hiervan skyn gerig te wees teen Joego-Slawië en dit hang net af of Rusland die knoppie gaan druk wat 'n aanval van sy satelliete teen Tito van stapel sal stuur.

